Annétia&Bertie
· HECKROODT ·

Posbus 2509 Beacon Baai OOS LONDEN 5205
T. +27 83 264 5474 T. +27 83 283 1135 · Fax +27 43 748 6459
bernetia@iafrica.com · bertie@rixonline.net

3 Februarie 2020

Beste Francois

**AANPRYSING VIR UITSTAANDE TOERSAMESTELLINGS EN VIR 'N TOERLEIER FRANCOIS ROSSOUW VAN FORMAAT VAN 4x4 SPORT**

Ons getuig graag oor ons ervarings tydens menige toere begelei deur jou en wens jou geluk en betoon ons dankbaarheid en waardering en ons gelukwense, oor aan jou.

Ons lig graag die volgende uit ons ervaringe:

1. Jou aangename ewewigtige persoonlikheid, kalmte, empatie en meelewing met al die toerlede is prysenswaardig.
2. Jou kundigheid in die begeleiding vir 4x4 tegnieke vanaf tegniese bystand en raad tot die presiese leiding ten opsigte van jou leerproses waardeur ons gegaan het.
3. Jy het 'n besondere tegniek om na jou toerlede te luister en weldeurdagte veruidelikings en antwoorde te gee.
4. Ons het nog altyd veilig gevoel in jou bekwame leiding as Toerleier
5. Spesiale versoeke is altyd geakkommodeer – ons dink aan die spesiale diet versoeke..
6. Jou vertellings en humor en meedeling van ervarings verleen soveel kleur aan die toere.

Posbus 2509 Beacon Baai OOS LONDEN 5205
T. +27 83 264 5474 T. +27 83 283 1135 · Fax +27 43 748 6459
bernetia@iafrica.com · bertie@rixonline.net

7. Die webtuiste met fotos is baie goed ontwerp en voornemende toerlede hoef nie deur talle bladsy te waad nie.
8. Die inligting is gedetaileerd en verstaanbaar.
9. Carina se administrasie is presies en korrek en on sweet dat daar baie gebeur en baie reelings agter die skerms gedoen word, onder jou bekwame leiding. Carina se opvolgverk is prysenswaardig.

Heelwat van die terreine wat ons besoek verg spesiale toestemming. Sulke terreine se besoeke uniek aan 4x4 Sport.

Die sandaard van die voorsiene tweerigting radions is uitstekend. Die radios funksioneer doeltreffend en spaar radios is beslis 'n bonus.

Veiligheid van toerlede word altyd vooropgestel. Die feit dat jy 'n reeling het dat daar 'n voertuig aangewys word as blywende laaste voertuig om te verseker dat die roete gevolg word en geen voertuig "verdwaal" nie..

4x4 Sport is die enigste Toeroperateur wat ons deur die jare gebruik omdat ons jou kundigheid waardeer en ons elke keer kennis byvoeg.

Ons is bevoorreg om deel van 4x4 Sport te wees en sien uit na die belewing van nog toere.

Georgie is seker die hoogtepunt van menige toerlede.

Die feit dat jyself roetes verken voordat jy die reisplan finaliseer, is merkwaardig.

Annétia&Bertie
· HECKROODT ·

Posbus 2509 Beacon Baai OOS LONDEN 5205
T. +27 83 264 5474 T. +27 83 283 1135 · Fax +27 43 748 6459
bernetia@iafrica.com · bertie@rixonline.net

Ook ervaar ons dat jy altyd die laaste persoon is wat by die opskeptafel is en kwaliteit en dat die styl van die verskeie restauranteurs deur jou geevalueer word. Natuurlilk ook dat daar voldoene hoeveelhede geregte voorberei is.

Ons prys jou aan Francois, want ons het al die aspekte wat ons beskryf het herhaaldelik ervaar is.

Francois jou kalme, ewewigtgige persoonlikheid wat jou ryke ervaring in die motor en natuurwereld met ons deel maak jou enig in sy soort.

Jy behandel al die toerlede op 'n gelyke basis en kundiges wat gebiede ken word dikwels ingespan.

Francois ons salueer jou!

Vriendelike Groete en 4x4 SPORT bo!!

Bertie en Annetia Heckroodt

OOS LONDEN